

ONS HISTORIESE VORMING

Deur Prof. H.B. Thom

(Referaat, Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Bloemfontein, 26 Junie 1968, 9.15 vm.)

'n Mens hoor dikwels uitdrukkings soos: „Die Geskiedenis is die leermeesteres van die lewe”; of: „Die Geskiedenis herhaal hom”; of „Ons leer uit die Geskiedenis dat” Hierteen is egter ook al teengewerp dat die Geskiedenis geen leermeesteres van die lewe is nie, omdat 'n mens die hede nooit presies soos die verlede kan sien nie; dat die Geskiedenis hom nie herhaal nie, aangesien bepaalde omstandighede en gebeure nooit weer op presies dieselfde wyse voorkom nie; en ook, soos Hegel opgemerk het, „dass wir aus der Geschichte lernen dass wir nicht aus der Geschichte lernen!” Hoe dit sy, dit is nietemin 'n feit dat daar vanuit die verlede 'n magtige invloed op ons lewe in die hede uitgaan.

* * * * *

Die onderwerp van my referaat, Ons Historiese Vorming, veronderstel dat ons as volk wel 'n historiese vorming deurgemaak het, of altans dat dit ten minste tot 'n sekere mate gebeur het. Dit kan wees dat ons ook teenspraak kry. Iemand mag sê: Ons volk het reeds soseer verander dat daar vandag nie meer van 'n historiese vorming sprake kan wees nie; of 'n ander: Ons leer uit ons geskiedenis dat ons nie geskiedkundig gevorm is nie. Laat ons egter nader op die onderwerp let; laat ons nagaan of daar by ons wel van 'n historiese vorming sprake kan wees, en, indien wel, in hoeverre.

Historiese vorming van 'n volk kan, vanweë die groot verskeidenheid van al die fasette daarvan, 'n kaleidoskopiese beeld bied. In hierdie verband het 'n Amerikaanse spreker eenkeer met die fisiese en fisionomiese kenmerke van lede van 'n volk begin; en dit is wel ook

interessant/.....

interessant, maar ons laat dit gerus maar agterweë, aangesien dit ons kan laat beland in voorhistoriese tye, wat nie meer tot die geskiedenis behoort nie, en bowendien nie die kern van ons onderwerp, soos ons dit opvat, raak nie.

Onder historiese vorming kan ons ook dink aan die fisieke voorkoms van ons mensgemaakte omgewing, d.w.s. die ontstaan van bv. plase en landerye, dorpe en stede, paaie en spoorweë, seeverkeer en lugverkeer, plantasies, fabrieke, myne ens. Maar ook hierdie verskynsels interesseer ons nie as sodanig nie; miskien wel in soverre hulle manifestasies is van geestelike ontwikkeling en verfyning by ons volk, 'n ontwikkeling en verfyning wat histories gefundeer is en as historiese, geestelike fenomeen gevolg en verklaar kan word.

'n Mens kon ook dink aan die herkoms van ons volk. Hoe is ons volk histories saamgestel? Uit welke volke het ons voortgekom? Wat was die aandeel van bv. Nederlanders, Duitsers, Franse, Skotte, Engelse, Iere, Skandinaviërs, Iberiërs, Italiane en Jode? 'n Mens kon, op die voetspoor van Colenbrander, Hoge, Schmidt-Pretoria, Graham Botha, D.B. Bosman e.a. probeer om vas te stel waar ons stamvaders en -moeders vandaan gekom het, en 'n mens kon probeer om persentueel die aandeel van elke bydraende volk te bepaal. Dit is 'n belangwekkende, nuttige studie, wat ons tot 'n dieper begrip van ons volkskarakter kan bring, maar ook dit verteenwoordig nie die faset wat ons in verband met ons historiese vorming voorop stel nie. Onregstreeks is dit wel van belang, soos ons ook nog sal sien, maar as sodanig is dit nie ons onderwerp nie.

Aan die onderwerp, Ons Historiese Vorming, wil ons 'n geestelike konnotasie heg: Was daar by ons voorgeslagte grondliggende idees, lewensopvattinge en beginsels wat 'n stempel op die idees, lewensopvattinge en beginsels van ons as nageslag nagelaat het? Het daardie opvattinge van ons voorgeslagte gedaante gevind in gebruike, instellinge en stelsels wat, in mindere of meerdere mate, deur die tyd heen, ook na ons deurgedra is? In welke mate het geestelike waardes van ons voorgeslagte ook waardes van die moderne Afrikaner gebly?

In 'n poging om hierdie vrae te beantwoord, sal ons groot ge-
vaar loop om in 'n massa van besonderhede verstrengel te raak. Ons het
die kaleidoskopiese beeld voor ons, maar ons moet probeer om net 'n paar
hoof trekke daarvan te onderskei. M.a.w., wat die groot rigtings van die
lewe van die Afrikaner betref, in hoeverre het dit uit sy geskiedenis gekom?

Wanneer ons met die dinge van die gees te doen het, moet ons
dikwels vër oor die grense van plek en tyd heen kyk. As verteenwoordi-
gers van die Wes-Europese beskawing in Afrika, is ons die erfgename van
geestelike besittinge wat reeds baie eeue gelede deur die pioniers van die
Wes-Europese beskawing geskep is. Dié goedere het in die loop van eeue
weliswaar nie onveranderd gebly nie, maar dit is merkwaardig dat veel
daarvan nog geensins uitgedien is nie, en inderdaad tot vandag toe grond-
slae van ons eie optrede gebly het.

Aan die volke van die Klassieke Tyd, die Grieke en die Romeine,
het ons tot vandag toe veel te danke. Wat regering en staatsinstelling
betref, bestudeer ons nog met belangstelling en vrug selfs die maatreëls
van Solon en Clisthenes, wat 600 tot 500 v. Chr. in Athene bewind gevoer
het. In die gulde tydperk van Athene (480 - 430 v. Chr.) het kuns en we-
tenskap gebloei, wat later vormend op die opvattinge van die hele Westerse
wêreld ingewerk het en selfs tot ons eie geestelike vorming bygedra het.
Die beeldhouwerke van Phidias, die skilderwerke van Polygnotus, die
treurspele van Aeschylus, Sophocles en Euripides, en die blyspele van
Aristophanes het geestelike weë vir die nageslagte gebaan. Op die gebied
van die geneeskunde het Hippocrates uitgemunt - en ons vereer hom tot
vandag toe in soverre ons jong geneeshere, wanneer hulle hulle studies met
sukses voltooi, die Plegtige Verklaring van Hippocrates aflê. Wat geskied-
skrywing en wysbegeerte aangaan, was dit weer Griekse geleerdes soos
Herodotus, Thucydides en Socrates wat die weg aangewys het. Wat die
ontwikkeling van 'n gesonde liggaam betref, kan ons maar dink aan die
sportvorme van die Grieke, by uitstek aan die Olimpiese Spele.

Die ander groot volk van die Klassieke Tyd, die Romeine, het
op hulle beurt belangrike geestelike erfenisse nagelaat. Hulle ervaring.

in verband met regeringsvorme, staatstelsels en regspraak het 'n kosbare nalatenskap vir die Weste geword. Interne klassestryd, die koningskap en vervolgens die republiek en die keiserryk, en die vestiging van 'n gesonde regspraak - dit alles het die ernstige aandag van hierdie volk opgeëis. Ons sien dit lê alles op die deinsige paaie van ons verre voorgeskiedenis, maar dit is onmiskenbaar - al is dit ook ver weg - deel van ons historiese vorming. Dit word kragdadiglik by ons tuisgebring as ons daaraan dink dat ons in ons regspraak vandag nog gebruik maak van die Romeins-Hollandse reg, wat grotendeels op ou Romeinse beginsels gegrondves is; en ook dat dit in die Romeinse Ryk was, gedurende die tyd van Konstantyn die Grote en onmiddellik ná hom, t.w. in die loop van die vierde eeu n. Chr., dat die Christendom ten slotte geseëvier het.

Ons kon die groot geskiedkundige lyne verder deurtrek, deur die Vroeë Middeleeue, die Later Middeleeue, tot by die groot ontdekkingsreise en eindelik tot by stigting van 'n blanke volksplanting aan die Kaap. In hierdie eeue sal ons ook faktore vind wat vroeg reeds tot ons vorming bygedra het. Dit is vir ons egter alles ou geskiedenis, ons voorgeskiedenis, die agtergrond waarteen ons ons historiese vorming in ons eie land moet sien.

Die stigting van die blanke volksplanting onder Jan van Riebeeck aan die Kaap, het beteken dat opvattinge en beginsels van Wes-Europa, meer bepaald van die Nederlandse Republiek en sy mense, na die ^ouipunt van Afrika oorgebring is. Dit het vanselfsprekend 'n groot verskeidenheid van lewensterreine gedek: die godsdiens, staatkundige denke, huisgesin en familie, onderwys, ekonomiese lewe en nog meer. Hierdie opvattinge het egter nou onder totaal ander omstandighede van 'n nuwe land gekom, en 'n mens kan verwag dat daar geleidelik verandering, verlokalisering, sou plaasvind. Des te meer sou dit die geval wees, omdat die volksplanting nie tot die voet van Tafelberg beperk gebly het nie, maar algaande die binneland ingedring het, waar natuurlike toestande en die lewenswyse van die mense uiteraard weer veel van dié aan Tafelbaai verskil het. Die verskille tussen Europa en Suid-Afrika, by name weer tussen Nederland en Suid-Afrika, sou steeds groter word.

Historiese prosesse is in die reël tydsaam en geleidelik, maar ons kry hoogtepunte wat as simptome of bakens dien wat, veral van agterna gesien, 'n duidelike ontwikkelingskoers aanwys. So 'n historiese proses is die ontstaan van ons Suid-Afrikaanse platteland en alles wat daarmee saamgegaan het. Die vestiging van die Vryburgers in 1657 was die eerste stappie, nog maar wankel en gering, want hulle was nog binne enkele myle van die Fort en Tafelbaai. Toe het, in 1679, die stigting van Stellenbosch gevolg, die eerste buiteland, die eerste blywende blanke neersetting buite die Kaapse Skiereiland en - vir dié tyd - baie ver van die Fort af geleë. Kultuur-histories is die stigting van Stellenbosch van die allergrootste betekenis, want dit was 'n duidelike baken op die pad die binneland-in: die Suid-Afrikaanse platteland is hiermee in aansyn geroep.

Van nou af het 'n nuwe faktor, nl. isolement, wat vir ons vorming van diepgaande betekenis was, sterk na vore getree. Dit het vir die mense van die eerste buiteland gegeld, maar na mate die uitbreiding verder na die binneland gegaan het, het dit vir meer en meer mense gegeld. As individue of in groepe het die pioniers die binneland verder ingetrek. In drie hoofrigtings het hulle oor Kaapland versprei; en ten gevolge van die groot-skeepse verhuising wat ons as die Groot Trek ken, is die Vrystaat, Natal en Transvaal tot die bewoningsgebied van die blanke toegevoeg. Dit alles was die gevolg van twee eeue van trekke en pionierswerk, wat op die stigting van die eerste buiteland gevolg het.

In die loop van die groot proses was talle en talle mense grotendeels op hulleself aangewese; hulle moes soveel doenlik in eie behoeftes voorsien; hulle moes sorg vir die veiligheid van eie lewe en hawe; hulle moes op tal van plekke met 'n harde natuur worstel; in tye van siekte en dood het hulle dikwels alleen gestaan. In die proses moes hulle meermale swaare offers bring: listige inboorlinge het individuele baanbrekers op afgeleë plekke om die lewe gebring; en hele gesinne en groepe het, veral in die loop van die Groot Trek, deur die asgaaie van barbare gesterf.

Hoef dit 'n mens te verwonder dat sulke omstandighede die betrokke mense se opvattinge en lewenswyse sou beïnvloed? Hoef dit 'n

mens/.....

mens te verwonder dat menslike kwaliteite soos hulpvaardigheid, naastediens, gasvryheid en familieliefde vir sulke mense 'n intenser betekenis sou kry, en by hulle sterker uitdrukking sou vind, as wat in ou, gevestigde gemeenskappe gewoonlik die geval is? Daar kan geen twyfel oor bestaan nie dat isolement, van individue en veral van groepe, 'n groot rol in ons vorming gespeel het.

Ons moet egter versigtig wees om nie net in terme van isolement te dink nie. Baie van ons het hierdie neiging - en daar is selfs van ons historici wat hierdie fout begaan. Ons historiese proses het nie by isolement bly vassteek nie. In Stellenbosch, die eerste buitelandse distrik, het daar aanvanklik 'n groot mate van isolement bestaan, maar die neersetting het gevestig geraak, hy het sy kontakte met die ou steunpunt aan Tafelbaai versterk, sy isolement is verminder, hy het op sy beurt 'n steunpunt en voedingsbron vir nuwe vestigings geword. En by die nuwe vestigings het die proses hom in mindere of meerdere mate herhaal. Dit beteken nie dat isolement verdwyn het nie - so eenvoudig is ons historiese patroon immers nie. Isolement het, ten gevolge van omstandighede in sekere streke of distrikte, in Suid-Afrika tot vandag toe enigermate bly bestaan.

Die feit is egter dat ons land veel digter bewoon geraak het, dat ons verkeersweë radikaal verbeter is, dat ons verkeersmiddele - op land en in die lug - afstande ongelooflik verkort het, dat nuusdienste - met die gesproke en die geskrewe woord - onmiddellike inligting verskaf, dat dorpe en stede dwarsdeur ons land ontstaan het - en dit alles moes die één groot uitwerking hê, nl. dat isolement, saam met die gevolge daarvan, grotendeels afgebreek is. Wat ons jongste geskiedenis aangaan, moet ons dus nie meer souseer aan die vormende uitwerking van isolement dink nie, maar eerder aan die uitwerking van voortdurende aanraking en persoonlike beïnvloeding van mense onderling op 'n groot verskeidenheid van vlakke en plekke, iets wat in werklikheid besig is om vandag 'n duidelike stempel op ons volk af te druk.

Laat ons nou by 'n paar hoofsaake in verband met ons historiese vorming kom. Ons let eers op ons ^{skool}godsdienst.

Ek
Nadat/.....

Ek wil hier glad nie op die ontstaan van ons taal ingaan nie, want dit is nie my terrein nie, en ek wil my nie uitsprake daaroor aanmatig nie. Ek konstateer net dat ons taal, uit die ou Nederlandse stam met byvoeging van elemente uit ander wortels, reeds vroeg op ons eie bodem ontstaan het, en dat dit in die verlede die vernaamste en kenmerkendste eienskap van die Afrikaner was, en ook nog is. Dit het geestelik en kultureel ook die belangrikste bindingsfaktor vir die Afrikanervolk geword. Dit het vir die Afrikaner die middel verskaf om op die natuurlikste en mees ongedwonge wyse aan sy diepste en fynste gevoelens uitdrukking te gee. Die aanvaarding van ons taal, en veral die amptelike erkenning daarvan in 1925, het 'n magtige rol gespeel om die nasionale en individuele self-respek van die Afrikaner te voed, en om hom op verskeie terreine van die lewe met meer beslistheid en vertrou na vore te laat tree. Die opkoms en erkenning van Afrikaans het m.i. enorm veel gedoen om die Afrikaner van 'n vernederende juk van 'n minderwaardigheidsgevoel te verlos, en hom die selfvertroue te gee wat hom in staat gestel het om sy regmatige plek in ons sosiale, ekonomiese en staatkundige lewe in te neem.

Na mate die gesproke en geskrewe woord in Afrikaans gegroei het, en veral na mate eie letterkundige produkte op tal van terreine die lig gesien het, het die Afrikaner hom sterker gevoel, en het hy inderdaad ook werklik sterker geword. Die ontstaan, groei en erkenning van ons moedertaal is dus een van die allervernaamste faktore in ons historiese vorming. Daar is vrywel geen terrein van die lewe van 'n volk wat nie die invloed en inwerking van sy taal sal ondervind nie, al is dit ook só dat ons die invloed daarvan selde kan meet, of voor ons oë kan sien.

Ons staan vervolgens stil by enkele ander faktore in ons historiese vorming, en in sommige gevalle sal dit noodsaaklik wees om 'n bietjie ver terug te gaan. Ons let op ons godsdiens.

Nadat/.....

Nadat die Christelike geloof in die ou Romeinse Ryk getriomfeer het, het dit geleidelik oor Wes-Europa versprei. Die Wes-Europese beskawing het sinoniem geword met die Christelike beskawing. In die loop van die Middeleeue het daar egter ernstige misbruike in die destydse Christelike (Roomse) Kerk ontstaan, sodat van tyd tot tyd stemme om hervorming in die Kerk opgegaan het. In 1517 het Luther sy 95 stellinge in Wittenberg bekend gemaak, wat die teken vir 'n onstuitbare Kerkhervorming geword het. Weldra het ook ander onverskrokke hervormers na vore getree: Calvin, Zwingli, Knox, e.a.

In die Noordelike Nederlande het die denkbeeld van Johannes Calvin ruime en besliste ondersteuning gevind, en weldra was die groot meerderheid van die inwoners van dié geweste oortuigde Calviniste. Spanje het getrag om die Rooms-Katolisisme hier te herstel, en in die loop van die Tagtigjarige Oorlog al die mag en geweld aangewend waaroor hy beskik het. Maar die Noordelike Nederlande - ondertussen omskep tot die Republiek van die Verenigde Nederlande - kon nie gebreek word nie: gesterk en be-siel deur die vuur van die Calvinisme het die Republiek die stryd teen die groot oormag volgehou, om uiteindelik by die Vrede van Munster in 1648 sy staatkundige vryheid en sy geloofsvryheid erken te kry. Die jaar 1648 was vir die volk van die Nederlandse Republiek nie net die jaar van hulle politieke onafhanklikheid nie, dit was vir hulle ook die jaar van die triomf van die Calvinisme.

Nou het ons die treffende feit dat vier jaar later, uit dieselfde land en volk, Jan van Riebeeck aan die Kaap voet aan wal sit. Blanke Suid-Afrika is gestig in die tyd toe die Calvinisme sy grootse seëpraal beleef het, en dis gestig juis deur mense van die volk wat daardie grootse seëpraal bewerkstellig het. Blanke Suid-Afrika dra, wat sy godsdiens betref, by sy vroegste begin al sy Calvinistiese stempel.

In die lig hiervan is dit nie vreemd nie dat Jan van Riebeeck, toe hy nog op see was, en ook nadat hy aan land gegaan het, sy Raadsvergaderinge altyd met gebed geopen het; dat hy, soos uit sy amptelike Dagverhaal blyk, ernstig ontsteld was wanneer sy ondergeskiktes met hulle maaltye

begin/.....

begin het sonder om eers die Here te dank; en dat hy hulle ook aangespreek het om die Sabbat te eerbiedig en Kerk en godsdienst in ere te hou. Dieselfde gees spreek uit die feit dat hy die behoefte gevoel het om, soos op 6 April 1654 uit sy Dagverhaal blyk, die dag van sy landing aan die Kaap (6 April) „tot Godes eere met dancksegginghen te viere ende voor altijt tot een vastblijvenden danck- en bededach in te stellen, ten eynde daerbij des Heeren weldaeden, aen ons bewesen, bij ons naecomelingen noyt vergeten, maer altijt tot Godes eere ter gedachtenisse in memorie gehouden mogen worden".

Dit is omrede van die Calvinisme van die Nederlanders, en van die Kaapse volksplanting, dat die Kaap ses-en-twintig jaar na die vertrek van Van Riebeeck, in die bewindstyd van Simon van der Stel, 'n tuiste kon bied aan 'n aantal Franse Calviniste, Hugenote-vlugtelinge, wat ter wille van hulle geloof hulle vaderland verlaat het. Hulle getal was wel nie so groot nie, altesame 150 siele, maar as ons in gedagte hou dat die vrye koloniste-bevolking toe nog maar ongeveer 600 getel het, sal ons begryp dat die Hugenote in daardie tyd nietemin 20% van die totale burgerlike bevolking uitgemaak het. Soos bekend is, was daar aanvanklik wel heelwat wrywing tussen die owerheid en die Hugenote, en ook tussen die Hollands-Afrikaanse koloniste en die Hugenote, maar die gemeenskaplike Calvinistiese geloof was een van die magtigste faktore om die Franse en die Hollands-Afrikaanse elemente na mekaar toe te bring, en die kleiner Franse element betreklik gou in die groter Hollands-Afrikaanse element te laat opgaan.

'n Mens sou uitvoerig kon spekulere oor die betekenis wat die Hugenote vir die Kaap - en vir Suid-Afrika - gehad het, maar miskien word dit die beste opgesom in die saaklike woorde van wyle prof. S.F.N. Gie waar hy sê dat „hulle juis sterk was, waar die Nederlanders reeds krag geopenbaar het, en so die Afrikaanse volkskrag in sy natuurlike rigtings verhoog het". Die veeboer-pioniers wat oor die binneland van Kaapland uitgebrei het, het die Calvinisme met hulle saamgedra, en die Voortrekkers wat ná hulle gevolg het, het dit eweneens gedoen. Die Kaaplandse veeboer-pionier en die Voortrekker het die vernaamste simbool van die Nederlandse

Calvinisme, die Statebybel, in hulle wa-kiste by hulle gehad. En waar hulle gaan woon het, het hulle die Statebybel 'n ereplek in hulle huise gegee. In hulle lewens was hulle godsdiens vir hulle 'n vaste, betroubare rigsnoer, wat nie net koers gegee het nie, maar ook geeskrag en beslistheid gebring het. Dit het hulle bewus gehou van hulle pligte en verantwoordelikhede, en aangesien dit ook vir hulle die groot teenstelling tussen hulle self en die omringende heidendom laat sien het, het dit vir hulle 'n bolwerk teen verval geword. Sodra groepe gevestig geraak het, het hulle gemeentes gestig, kerkrade gekies en predikante beroep. Daarom is dit te verstaan waarom so baie van ons ou dorpe uit sg. „kerkplekke" ontstaan het.

Die voorgaande bring 'n mens tot die gevolgtrekking dat die Afrikaner, ten gevolge van sy geskiedenis, Calvinis moet wees. Dit is seker nie vreemd nie dat aldrie ons Afrikaanse Kerke op Calvinistiese grondslag staan. Ons gun bv. elke individu die reg om self die Heilige Skrif te lees en te bestudeer; ons glo in wat uit die Heilige Skrif bewys kan word; ons glo in die leer van die voorbeskikking. Die Calvinistiese oortuigings het ons voorgeslagte krag gegee, krag om in 'n Tagtigjarige Oorlog teen 'n groot oormag te seëvier en krag om met geringe getalle 'n hele subkontinent bewoonbaar te maak en self behoue te bly.

Ons moet toegee dat daar in die jongste tyd van ons geskiedenis reeds veel voorgekom het wat ten dele afgebreek het wat in die dae van isolement opgebou en behou is. Anders as in ons vroeëre geskiedenis is daar in die jongste tyd soveel - en sulke sterk - kontakte en beïnvloeding, dat ons gevaar loop om ons Protestants-Calvinistiese erfenis ten dele te verloor.

Kyk ons egter na die eredienste van ons Afrikaanse kerke, kyk ons na die opkomste, na die gemeentelike aktiwiteite, na die invloed van ons kerke, en luister ons na die prediking en na die spontane getuienisse van baie gemeentelike lede, dan het ons seker rede om te sê dat ons, wat ons godsdiens aangaan, ten spyte van afbrekende invloede, nog baie bewyse van ons historiese vorming sien. As dit nie vir die Calvinisme van die sewentiende-eeuse Nederlander was nie, en vir die invloed daarvan op ons voorouers,

dan is dit 'n vraag of ons as volk sou gewees het wat ons vandag nog is. Die Calvinisme is 'n strenge geloof, 'n geloof vir geharde, oortuigde mense, en as dit met beslistheid uitgeleef word, is dit 'n vaste anker vir 'n gesonde, vrugbare lewe.

Naas ons godsdienst is dit veral ons staatkundige denke wat bewyse van ons historiese vorming lewer. Ons staatkundige denke is inderdaad nie van ons Calvinistiese godsdienst te skei nie. Toe Calvyn geleef het, eers in Frankryk en daarna in Genève, het staatsopvattinge en regeringstelsels baie aandag geniet. Calvyn self, wat énersyds teoloog en andersyds regsgeleerde was, het ook besliste staatkundige opvattinge gehuldig, en onder sy leiding het daar in Genève inderdaad 'n republiek ontstaan waarin sy staatkundige gedagtes toepassing gevind het. Die stelsel wat hy opgebou het, was egter soseer van die krag van sy persoon afhanklik dat dit nie lank ná hom in Genève bly bestaan het nie.

Ons moet onthou dat die Calvinisme, veral in Frankryk, nie net 'n godsdienstige faktor was nie maar ook 'n staatkundige faktor. Trouens, die Hugenote in Frankryk kan ook as 'n politieke party gesien word. Onder die Edik van Nantes (1598) het hulle sekere vrye stede gekry, waar hulle hulle eie besture ingerig het en wat in Frankryk ook 'n staatkundige betekenis gehad het. Richelieu het 'n woedende stryd teen die Hugenote aangeknoop omdat hy hulle nie geloofsvryheid gegun het nie, maar ook omdat hy hulle politieke beskouinge, veral hulle selfstandigheid en demokratiese gees, gevrees het. En Lodewyk XIV het die Edik van Nantes herroep (1685) omdat hy 'n einde aan die geloofsvryheid van die Hugenote wou maak, maar veral ook omdat hy hulle staatkundige invloed wou vernietig.

Wat die groot lyne van hulle staatkundige denke betref, het die sewentiende-eeuse Nederlanders en die Hugenote sterk ooreengekom. Die Calvinisme laat o.a. die klem op die individu val, en hy gun die individu die reg om self te ondersoek en 'n eie mening te vorm. Op staatkundige gebied oorgedra, het hierdie begrip 'n gees van selfstandigheid en onafhanklikheid in die hand gewerk. Hieruit is dit te verklaar dat Calvinistiese koloniste, vrywel oral waar hulle hulle gaan vestig het, of dit aan die Kaap

was/.....

was of in Noord-Amerika, 'n gees van selfstandigheid aan die dag gelê het. Ook in hierdie verband sou die aangehaalde woorde van prof. Gie in verband met die Hugenate, van toepassing wees, nl. dat hulle juis sterk was, waar die Nederlanders reeds krag geopenbaar het.

In die ou Kaapland het baie van die koloniste van Nederlandse en Hugenate-herkoms soos ons reeds gesien het, as pioniers in 'n groot mate van isolement geleef en gewerk, m.a.w. onder omstandighede wat juis daarop bereken was om die gees van selfstandigheid nog verder te versterk. Die logiese uitwerking hiervan was dat onder die Afrikaanse volk al vroeg 'n besliste demokratiese gevoel en 'n sterk voorliefde vir die republikeinse staatsvorm bestaan het, soos sprekend bewys word deur die optrede van die Swellendamse en die Graaff-Reinetse Patriotte, wat met die gesag van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie en die nuwe Engelse bewind (1795) niks te doen wou hê nie en hulle eie burgerregerings gestig het. Hierdie eerste Suid-Afrikaanse „republieke" was wel maar kort van duur, maar die gees wat daaruit gespreek het, is nie uitgedoof nie. Ons het hier te doen met elemente van die diep-gewortelde staatkundige denke van Calvinistiese koloniste; hulle sou dit later met hulle saamneem, veral gedurende die Groot Trek, en hulle sou dit in hulle eie nuwe state gaan uitleef.

Reeds by die heel eerste regering wat die Voortrekkers in die lewe geroep het, d.i. toe die Trekkers van Maritz en Potgieter op 2 Desember 1836 by Blesberg (Thaba Nchu) byeen was, is daar op eg demokratiese wyse te werk gegaan en groot respek vir die oppergesag van die Volk getoon. Sewe persone is as lede van 'n bestuursliggaam gekies, en die stemming het geskied „door een algemene volkstem", wat by wyse van geslote stembriefies uitdrukking gevind het. Daar is o.a. neergelê dat die gekose persone „voor het algemene best en vrede zullen moeten waken", dat hulle „een Wetgevende Lichaam" sou uitmaak; en dat hulle hulle stiptelik sou hou „aan alle zodanige Wetten en Reglementen als door een algemene vergadering zullen worden vastgesteld".

Hierdie regeringsvorm was nog maar baie eenvoudig van aard, en dit was - konstitusioneel gesien - ook nog maar 'n „primitiewe" regeringsvorm, maar die gees daarvan is wat ons by tipiese Calviniste sou verwag.

So 'n reëling sou, wat die vernaamste beginsels betref, net so goed in een van die Puriteinse Kolonies in Noord-Amerika kon ontstaan het.

Ons sal nie die opeenvolgende verdere bestuursreëlings van die Voortrekkers in besonderhede nagaan nie, maar ons konstateer net dat die tweede reëling (ná die koms van Retief, 17 April 1837), die Nege Artikels (Vetrivier, 6 Junie 1837), die Natalse Regulatiën en Instructiën (Pietermaritzburg, Oktober 1838), en die Drie-en-Dertig Artikels (Potchefstroom, 9 April 1844) almal dieselfde demokratiese gees toon en almal 'n oortuigde republikeinse karakter dra. Dit is ook betekenisvol dat die term Volksraad, wat later so bekend geword het en die kern aandui van die staatkundige denke van die Calvinistiese Boer, teen die end van 1838 onder die Voortrekkers in Natal (Pietermaritzburg) in algemene gebruik gekom het.

Die hooflyne wat ons in die konstitusionele reëlings van die Voortrekkers opgemerk het, loop deur in die latere grondwette van die Boere-republieke. Natuurlik word die grondwette uitvoeriger en word daar, aangesien maatskappy en land al hoe meer gevestig geraak en ontwikkel het, vir 'n omvattender en meer gedetailleerde bestuursmasjinerie voorisening gemaak, maar die hoofbeginsels bly dieselfde: daar word erkenning verleen aan die gereformeerde godsdiens; daar word klem gelê op die finaliteit van die stem van die Volk in die sake van die Staat en die burger; daar word 'n waarborg gegee vir die regte van die kieser; en daar word nadruk gelê op die noodsaaklikheid van wet en orde. Ons kan maar let op die grondwet van die Oranje-Vrystaatse Republiek (10 April 1854) en die grondwet van die Zuid-Afrikaanse Republiek (5 Maart 1858, en ons sal dit oorvloediglik bewaarheid sien.

Die Anglo-Boereoorlog, wat vir die Republieke - en vir tal van Kaaplandse Afrikaners, wat hulle broers van die Noorde te hulp gesnel het - so noodlottig afgeloop het, het wel die einde van die Republieke as sodanig beteken, maar seer seker nie die einde van die staatkundige denke van die Calvinistiese Afrikaner nie. Die Republieke was wel vernietig, maar die Republikeinse gedagte het by Afrikaners in die voormalige republieke, en ook by Afrikaners in Kaapland, bly leef. Dit is verstaanbaar, want die

Republiek is die Afrikaanssprekende se staatkundige tradisie, en by 'n monargale staatsvorm kon hy hom nooit neerlê nie. Immers, vrywel oral waar Afrikaanssprekendes in ons geskiedenis die geleentheid het om oor hulle eie staatsvorm te besluit, het hulle aan die republikeinse staatsvorm voorkeur gegee. Dat ons in 1961 'n Republiek van Suid-Afrika gekry het, was - dank sy die leiding van vérsiende manne - niks anders nie as die vervulling van ons historiese vorming op konstitusionele gebied.

As ons ons huidige republikeinse grondwet langs dergelike reëlings van die Voortrekkers of die Boererepublieke lê, sal ons wel ook baie verskille opmerk, bv. in verband met die posisie van die Staatspresident en van die Eerste Minister en die lede van sy Kabinet, maar dit is nie vreemd nie, aangesien omstandighede in die loop van 'n honderd jaar en meer, baie verander het en daar ook vir belangrike nuwe situasies voorsiening gemaak moes word. Ons republikeinse staatsvorm, en die groot beginsels wat daarmee saamgaan, het egter in ons huidige republikeinse grondwet bewaar gebly. Miskien is daar niks anders wat ons historiese vorming so duidelik aantoon nie, as juis die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

In ons staatkundige denke is daar, afgesien van ons staats- en bestuursvorm, ook ander belangrike punte wat in verband met ons onderwerp aandag verdien. Wat was bv. ons voorgeslagte se opvatting in verband met die kwalifikasies van die stemgeregtigde burger, die regte en vryhede van vreemdelinge, die betrekking tussen wetgewing en regspraak, en die betrekking tussen blank en nie-blank? En het hulle beskouinge in verband met hierdie punte ons eie denke beïnvloed? Dit is natuurlik onmoontlik om binne die bestek van 'n enkele referaat op al hierdie punte in te gaan, maar by ten minste één hiervan, t.w. die betrekking tussen blank en nie-blank, moet ons nog kortliks stilstaan.

Die probleem van die aanraking tussen blank en nie-blank in ons land vind ons reeds in die tyd van Jan van Riebeeck. Dikwels het hy te kampe gekry met moeilikhede wat ontstaan het deurdat Hottentotte die omgewing van die Fort binnegedring het en daar diefstalle, en soms moord, gepleeg het. Om 'n oplossing hiervoor te vind, het Ryckloff van Goens, be-

soekende Raad Ektra-ordinaris van Indië, in 1655 voorgestel dat 'n diep kanaal van Tafelbaai na Valsbaai gegrawe word, om aldus die gebied van die blankes, die Kaapse Skiereiland, van die gebied van die nie-blankes te skei. Van Riebeeck het hierdie plan onuitvoerbaar gevind, maar op 5 Julie 1658 met sy Raad besluit, soos in sy Dagverhaal staan, dat die Soutrivier en die Liesbeek die skeiding tussen die blankes en die Kaapman-Hottentotte sou wees: „dat Caepman met sijn leger aen de oostcandt van de Soute- en de verse reviere, Liesbeecq, sal blijven woonen” Hier het ons die vroegste pogings om deur gebiedskeiding 'n oplossing vir die genoemde probleem te vind.

Die gedagte van skeiding tussen blank en nie-blank loop dwars-deur ons geskiedenis. Toe dit duidelik geword het dat die blankes op die oosgrens van Kaapland op die Bantoe sou stuit het die Kompanjiesowerheid in 1775 en 1780 die hele loop van die Visrivier as die oosgrens van die Kolonie, en die skeiding tussen blanke en Bantoe, verklaar. Die aanrukkende Xhosa-stamme het maar weinig respek vir sulke besluite getoon, en 'n verafgeleë owerheid, wat in elk geval nie oor die nodige magsmiddele beskik het nie, kon ook nie daarin slaag om sy reëling af te dwing nie.

Die boere van die oosgrens het egter baie sterk vir hierdie skeiding gevoel, en, aangedryf deur die pynlike ondervindings wat hulle op die oosgrens opgedoen het, het hulle by agtereenvolgende gesaghebbers aan die Kaap daarop aangedring dat 'n duidelike skeidslyn daargestel word en met beslistheid in stand gehou word.

Praktiese mense met kennis en ervaring het begryp dat so 'n skeiding die enigste hoop op rus en vrede was. Na die verwoestende inboorlingoorlog van 1834-35 het sir Benjamin D'Urban, in die besef dat 'n bepaalde skeidslyn - bv. 'n rivier of berg - moeilik gehandhaaf kon word, besluit om 'n hele landstreek as skeiding te stel. Die gebied tussen die Kei en die Keiskammarivier tot aan die Stormberge, onder die naam Province of Queen Adelaide, is as skeidingsgebied verklaar. Slegs bevriende naturelle sou daarin toegelaat word, en aldus sou die oosgrensboere van die vyandige Xhosas geskei word. Soos bekend is, het lord Glenelg, die destydse Koloniale Sekretaris, hierdie reëling ten gevolge van vertoë van dr. Philip on-

middellik weer nietig verklaar, wat by die oosgrensboere soveel teleurstelling en verbittering veroorsaak het dat dit vir baie van hulle een van die vername bydraende redes was waarom hulle die Kolonie verlaat het.

Soos 'n mens kan verwag, was ook die Voortrekkers sterk voorstanders van gebiedskeiding. Andries Pretorius, wat op verskeie plekke in sy optrede teenoor die naturel die beleid van gebiedskeiding neergelê het, is vir ons die beste verteenwoordiger en vertolker van die Voortrekkerstandpunt. Sy reëling met die Zoeloes in Maart 1839, d.i. nadat hy die mag van Dingaan gebreek het, is 'n tipiese voorbeeld hiervan. Op 25 Maart ontmoet hy by Port Natal die verteenwoordigers van die Zoeloes, wat gekom het om vrede met die Voortrekkers te maak. In die loop van uitvoerige onderhandelinge, wat deur Preller treffend geskilder word, het Pretorius die vernaamste voorwaarde vir vrede gestel, 'n voorwaarde wat vir hom en sy mense onmisbaar sou wees vir gesonde betrekkinge tussen die Voortrekkers en die Zoeloes in die daaropvolgende jare: „Iemand van julle, aan die duskant van die Tugela sonder pas gevind, sal as spioen doodgeskiet word. En as julle iemand van ons oorkant die Tugela aantref, sal julle hom gevangeneem en by my bring". - Die Tugela word as't ware gesubstitueer vir die Visrivier; die Boere-opvatting bly dieselfde.

Die Voortrekkers, en ook die Boere van die latere Republieke, het begryplikerwyse nog geen fyn-uitgewerkte natuurlikebeleid gehad nie, altans nie in soveel besonderhede soos ons in ons eie tyd aan so 'n beleid dink nie. Gebiedskeiding het by hulle voorop gestaan, maar dis opmerklik dat ons ook 'n paar ander groot beginsels, wat onder Afrikaners vandag oorweldigende steun geniet, by hulle kry. Die gelykstellingsbeleid van die Britse Regering was reeds in die ou Kolonie 'n bron van ernstige ontevredenheid vir die boere, want hulle wou tenénemale nie aanvaar dat die onbeskaafde naturel gelyke regte met die beskaafde blanke sou kry nie. Hierdie standpunt het die Voortrekkers behou, en ons merk op hoedat dit saaklik uitkristalliseer in Artikel 9 van die grondwet van die Zuid-Afrikaanse Republiek (1858): „Het volk wil geene gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan, noch in kerk noch in staat". Hierdie differensiasie het gegeld vir die gebied van die blanke, nie vir die gebied van die naturel nie. Dáár was die naturel self baas; dáár kon hy ontwikkel sover sy eie

vermoë, en goedgesinde, positiewe leiding dit vir hom moontlik maak.

In die jongste tyd het die kwessie van die betrekking tussen blank en nie-blank weer sterk na vore gekom, en geniet dit in ons land nou al geruime tyd die ernstige aandag van regeringspersone en ook van die gewone man. Dit is miskien ons mees aktuele vraagstuk, inderdaad 'n vraagstuk wat binnelandse toestande ten nouste raak en wat ook in verband met die buiteland vir ons lewensbelangrik is. Kyk ons na ons huidige Regeringsbeleid, en na die beskouinge van die gewone landsburger, dan sien ons ook hier hoeseer ons deur ons geskiedenis gevorm is. Ons opvattinge en optrede van die verlede het ook hier, vanweë veranderde omstandighede, nie onveranderd gebly nie, maar die groot beginsels is nog daar: ons pas skeiding van woonbuurtes toe, en - wat van kardinale belang is - ons Regering het 'n stelsel van Bantoetuistes ingevoer; ons glo nie in gelykstelling of integrasie van blank en nie-blank in blanke gebiede nie; ons gun die nie-blanke volle geleentheid vir vooruitgang onder sy eie mense, en ons help hom ook daartoe.

In verband met ons historiese vorming is daar nog, soos reeds voorheen opgemerk is, verskeie ander groot terreine van ons lewe wat ook ter sprake behoort te kom. Dit is egter nie doenlik om dit hier verder te behandel nie. Ons stip slegs aan.

Reeds in sy vroegste geskiedenis was vir die Afrikaner sy huisgesin 'n hegte, geslote eenheid wat 'n fondamentsteen vir sy hele bestaan gevorm het. Hoofsaaklik in die huislike kring het die opvoeding van die jeug geskied, en hier het die Heilige Skrif - vroeër veral in die vorm van die Statebybel - die uitgangspunt en toetssteen uitgemaak. Vanuit die huisgesin het weer die invloed van bloedverwantskap verder gestrek, sodat familie-belangstelling en familieliefde kenmerkende eienskappe van ons voor- geslagte geword het. Ons dink maar daaraan hoedat in dae van swaarkry, insonderheid gedurende die Groot Trek, families hulle in groepe saamgevoeg en mekaar bygestaan het.

'n Ander belangrike terrein is dié van die onderwys. Hier moet

ons/.....

ons weer sterk by die Calvinisme aanknoop. Dit was Calvyn se besliste standpunt dat die gereformeerde geloof alleen kan leef en gedy wanneer dit deur ontwikkelde, goed-onderlegde leraars tot 'n ontwikkelde volk gepredik word; en daarom het hy aan die onderwys besondere aandag bestee. Ons hoef dit nie vreemd te vind nie dat oral, waar Calviniste hulle gevestig het, groot waarde aan die onderwys geheg is. Kort na die aankoms van die Hugenote, toe hulle nog in hulle primitiewe, tydelike skermpies op die Stellenbosse oop veld gesit het, het hulle reeds om 'n skool vir hulle kinders gevra. In ons Suid-Afrikaanse binneland het die afgesonderde boere onder die moeilikste omstandighede, deur middel van rondreisende (of soms rondloper!) skoolmeesters, voorsiening vir die noodsaaklikste onderwys van hulle kinders probeer maak. En in die folterende depressiejare (ongeveer 1929 - 1934) het baie ouers, vaders en moeders, wat self niks meer gehad het nie, met harde, alledaagse, nederige werk hulle hande deurgewerk om kinders universiteit toe te stuur.

Dan is daar ook die groot gebied van die ekonomiese lewe. Die vroeë stigters van die Afrikanervolk was mense met verbeeldingskrag en inisiatief op die ekonomiese terrein. Die handwerke, die boerdery, die handel en die seevaart het hulle sterk aangetrek, en hulle het aktief daaraan deelgeneem. Die binnelandse pionierslewe en omstandighede het meegebring dat veel van hierdie bedrywigheide onder ons voorgeslagte tot niet gegaan het, en dat hulle byna uitsluitlik op die ekstensiewe boerdery aangewese geraak het. Daardie belangstelling en bekwaamheid in ekonomiese sake was egter sluimerend wel nog dáár. Want toe die pionierstoestande verbygegaan het, en veral toe die jeug van die Afrikaner die kans gegee is om universiteitsopleiding in hierdie rigting te kry, het hy sy geleenthede aangegryp om met ongeduldige haas die agterstand van sy volk te probeer inhaal.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat ook in verband met huisgesin en familie, onderwys en ekonomiese lewe ons die náwerkinge - al is dit onregstreeks - van ons geskiedenis duidelik sien.

Ons het hier op verskillende sye van ons alledaagse lewe gelet, en aan die hand daarvan ons historiese vorming behandel: ^{ons taal,} ons godsdiens,

ons bestuursvorm, ons opvatting van gebiedskeiding en aparte ontwikkeling; en dan het ons kortliks ook ons huisgesin en familie, ons onderwys en ons ekonomiese lewe aangestip. Ons moet egter gedurig daarteen waak om hierdie faktore nie los van mekaar te sien nie. In ons bespreking onderskei hulle wel van mekaar, en ons gaan hulle apart na; dit is wetenskaplik gesond, en dit help ons om die groot onderwerp beter te verstaan. Maar ons moet onthou dat ons met die kumulatiewe werking van ál hierdie faktore te doen het; en nie net die kumulatiewe werking nie, maar ook die wisselwerking van hierdie faktore onderling op mekaar. Dit is 'n baie ingewikkelde patroon: ^{ons taal deurlopende ons hele lewe;} godsdien (Calvinisme) en staatkunde staan nie los van mekaar ^{geskiedenis en staatkunde} nie, en hulle het mekaar oor en weer beïnvloed; albei het op hulle beurt tot 'n groot mate rigting en inhoud gegee aan die onderwys; na mate die onderwys versterk is, het godsdien en staatkunde weer die inwerking daarvan ondervind, en so het die proses voortgegaan, en gaan dit vandag ook nog voort. Die kumulatiewe werking en die wisselwerking, deur eeue heen, het vir ons die gees en denke van die Afrikaner gegee.

Begryplikerwyse is die Afrikaner in gees en denke totaal verskillend van die inboorlinge, wat 'n heeltemal ander geskiedkundige verloop agter hulle het. Maar die Afrikaner is eweneens verskillend van sy Engelssprekende mede-burger, agter wie daar, ondanks sy Wes-Europese agtergrond, ook grotendeels 'n ander geskiedenis lê. Baiekeer word die mening uitgespreek, gewoonlik deur goeie welmenendes, dat Afrikaner en Engelssprekende in Suid-Afrika nog één sal word om só'n werklik verenigde volk tot stand te bring. Ek vrees egter dat dit niks anders as vrome wensdenkery is nie, altans wat die afsienbare toekoms aangaan. Soiets mag wel die resultaat van eeue en eeue se geskiedenis vorentoe wees, maar ons kan dit nie voorsien nie. Daarvoor het die Afrikaner, deur sy geskiedenis, te veel Afrikaner geword. Ons sal m.i. moet aanvaar dat, sover ons kan waag om vorentoe te kyk, Afrikaner en Engelssprekende langs mekaar sal bestaan, saamgebind deur 'n gemeenskaplike liefde vir en lojaliteit aan dieselfde vaderland, deur 'n gesonde, wederkerige respek vir mekaar se taal, verlede en tradisies, en deur 'n duidelike besef van blywende gemeenskaplike belange, veral ook ten aansien van die buiteland.

Maar/.....

Maar deur ons geskiedenis het ons geword wat ons is; en niemand sal die beslissing van die geskiedenis in twyfel trek nie - veral nie die Calvinis nie, wat nie in die toeval glo nie, en in die beslissinge van die geskiedenis die verordeninge van God sien.

* * * * *